

# Johann Rossouw: Koerante se sluit het 'nasmaak van verraad'

[Send to Kindle](#)

Lesers en redaksieledede einde verlede maand by Beeld se lesersontbyt ter viering van die koerant se 50ste bestaansjaar. Van links is Willem Theron, beter bekend as die rubriekskrywer Blouwillem, Retha Fick, nasionale produksieredakteur van Media24 se Afrikaanse dagblaai en samesteller van Beeld, Estelle Scholtz, 'n leser van Johannesburg, Joe Kleinhans, 'n leser van Pretoria, en Johanna van Eeden, meningsredakteur van Netwerk24 en die Afrikaanse dagblaai. Foto: Christiaan du Plooy

Die berigte op *Moneyweb* verlede week, aanvanklike vae reaksie, latere amptelike aankondigings en uiteindelik Dinsdag se poging tot vergoeliking van Media24

se besluit om onder meer *Beeld* en *Rapport* te sluit, vra om deeglike nadenke en verdere besinning.

Minstens ses kwessies is hier ter sprake.

Die **eerste kwessie** is die kritieke rol wat koerante van statuur in die ontluikende – en dikwels brose – Suid-Afrikaanse demokrasie speel. Terwyl Suid-Afrika die afgelope sowat 15 jaar in afgryse moes toekyk hoe korrupte politici, – en lafhartige politici wat te bang is om iets aan die saak te doen – ons toekoms steel, was die rol van die kommersiële media om hierdie dinge aan die kaak te stel eenvoudig van onskatbare waarde. Dit is geen oordrywing nie om te sê dat as dit nie was vir die deeglike ondersoekwerk van ook 'n koerant soos *Rapport* nie, die staatskapers letterlik met moord sou wegkom. En hoe sou die verskillende beginselvaste opposisiepartye hulle waghondrol kon speel sonder die bydrae van *Rapport* en ander koerante?

Dit is óók geen oordrywing nie om te sê dat die pas afgelope algemene verkiesing aan Suid-Afrika 'n geleentheid tot vernuwing gebied het wat skynbaar maar een maal in 'n geslag gebeur – 1910, 1948, 1994 en, nou, 2024.

Toe ek as werknemer van die Franse Instituut van Suid-Afrika vroeg in 1997 in 'n vergadering moes hoor die Franse regering oorweeg dit om hul begroting in Suid-Afrika te besnoei, kon ek as die enigste Suid-Afrikaner in die vergadering nie anders nie as om die bestuur van die instelling te vra hoe hulle durf om dit eens te oorweeg juis nou dat ons hulle steun die nodigste het.

*Rapport* en *Beeld* word nie slegs deur Media24 besit nie, maar is inderwaarheid óók volksbesit.

En dit is dieselfde vraag wat nou aan die besluitnemers oor *Rapport* en *Beeld* gevra moet word, want die demokratiese verantwoordelikheid wat mediahuise nou moet opneem (des te meer ná baie dekades van goeie wins), is gewoon nie iets waarvan weggestap kan word nie. Wat die begrip van korporatiewe burgerskap, wat oor die afgelope 20 jaar in die werksaamhede van die

gerespekteerde King-kommissie gevestig is, betref, rus die onus gewoon op Media24 en ander mediahuise om hul pligte teenoor die demokrasie en die burgers na te kom.

Die **tweede kwessie** is die vraag na wie die eienaars van *Rapport* en *Beeld* is. As 'n besadigde, nie-konfronterende geskiedkundige soos Lindie Koorts op haar Facebook-blad die besluit met “die nasmaak van verraad” in verband bring, gee dit aan ons reeds die antwoord – *Rapport* en *Beeld* word nie slegs deur Media24 besit nie, maar is inderwaarheid óók volksbesit. Hierdie punt is ook implisiet erken deur die uitvoerende hoof van Media24 toe hy toegegee het dat alhoewel *Die Burger* “marginaal winsgewend” is, die koerant sal voortbestaan weens die “groot historiese waarde” daarvan “as die fondament waarop Naspers gebou is”.

Om hierdie verreikende besluite te neem sonder om 'n gesprek met die lesers van hierdie publikasies te voer en te vra hoe hulle kan help om die voortbestaan daarvan te verseker, slaan 'n reuse- en vermybare vertrouensbreuk tussen die lesers en die mediahuis.

Enige regdenkende burger, joernalis of openbare intellektueel het oor jare gewaarsku dat die ANC se ondergang sal kom omdat hy die vertroue van kiesers bly skend, en omdat hy hulle steun as gewoon vanselfsprekend beskou. En kyk waar het dit nou die ANC laat beland.

Dink Media24 dat dit anders met hulle gesteld is, bloot omdat hulle tot nou die de facto-monopolie in die kommersiële Afrikaanse persmark geniet en die lesers in hierdie mark so lojaal is? Indien wel, sal dit Media24 loon om in ag te neem dat ons, die lesers, nóg moegoes is, nóg bloot gaan aanvaar dat ons steun as vanselfsprekend beskou word. Ons is lánk nie meer in die era van blinde loyaliteit, eenpartyyoorheersing of watter vorm van eensydige oorheersing jy ook al wil nie.

Media24 se koerante die afgelope dekades 'n absoluut wesenlike rol gespeel om versoening binne Afrikaans te bemiddel.

Die **derde kwessie** is die vormende rol wat die redaksies van gevestigde koerante vir opkomende joernaliste speel. Hoe goed die opleiding van joernaliste aan universiteite ook al mag wees, is daar gewoon geen plaasvervanger vir die indiensopleiding wat nuwe joernaliste in gevestigde redaksies ondergaan nie. Die waarde van hierdie opleiding word eenvoudig by die dag al hoe belangriker. Dit moet die al hoe swakker geletterdheid van jong mense in die oudiovisuele en digitale era ondervang. Dit leer joernaliste wat dit is om onder druk te werk, om goeie oordeel te ontwikkel, om fopnuus en die misbruik van kunsmatige intelligensie te eien, en vele ander aspekte.

Die **vierde kwessie** is die absoluut unieke rol wat die Afrikaanse drukmedia in die algemeen, en *Rapport* en *Beeld* (en gewis ook *Die Burger*) in die besonder, in die openbare Afrikaanse én Suid-Afrikaanse gesprek speel. Met die uitsondering van LitNet en Maroela Media, wat ook ander rolle speel en op ander finansiële basisse funksioneer, het Media24 se koerante die afgelope dekades 'n absoluut wesenlike rol gespeel om versoening binne Afrikaans te bemiddel en om nuwe politieke, maatskaplike en ekonomiese bondgenootskappe binne Afrikaans te help vestig. As hierdie koerante verdwyn, sal hierdie dinge enorme skade ly.

Dieselfde geld die rol wat hierdie publikasies in die openbare Suid-Afrikaanse gesprek speel. Die Afrikanerminderheidsgroep en die Afrikaanse taalgemeenskap(pe) kan per definisie slegs in die groter Suid-Afrikaanse konteks floreer as ons bemiddelend en samewerkend met dié konteks omgaan. Vanweë die geskakeerde en dikwels traumatiese geskiedenis van onreg waarmee ons in Afrikaans moet handel, dink 'n mens per definisie twee maal voor jy praat. En dit is beslis een van die redes waarom die Afrikaanse koerante hoog aangeslaan word as bemiddelaars in die breër Suid-Afrikaanse gesprek.

Die **vyfde kwessie** is die gewig wat standpunte gepubliseer in die Afrikaanse koerante dra. Vir 'n hele klomp redes waarop nie hier ingegaan kan word nie, is die denkende, welaf elite in hierdie land klein, maar hulle invloed buite verhouding groot.

Watter waarborge bestaan daar dat Rapport as digitale publikasie nie ook oor enkele jare sonder opgaaf van redes sal verdwyn nie?

'n Ernstige Afrikaanse roman verkoop byvoorbeeld in die lae duisende, as dit soveel is, maar omdat die publiek daarvoor so klein is, kan die waarde daarvan per definisie nie slegs aan verkope gemeet word nie. Ewe min kan standpuntartikels waarin dikwels standpunte gestel word wat nêrens anders in die SA media voorkom nie, bloot gemeet word aan internet-klikke per artikel.

Die **sesde kwessie** is dié van die voortbestaan van veral *Rapport* as losstaande, digitale publikasie. In die Vrystaat moes ons enkele jare gelede die sluiting van *Volksblad* meemaak. Dit is versag met die belofte dat ons die koerant steeds in PDF sou kon lees – welke PDF se verdwyning ook nou amptelik aangekondig is. *Volksblad* se PDF is met welslae uitgegee oor minstens twee redes – dit is gedoen deur gesoute redaksieledere van die eertydse gedrukte koerant, en dit kon werk omdat hulle basies as verheerlike subredakteurs vir Vrystaatse lesers streeksinhoud kon gee. Maar *Rapport* het nie so 'n streeksidentiteit nie. En watter waarborge bestaan daar dat Rapport as digitale publikasie nie ook oor enkele jare sonder opgaaf van redes sal verdwyn nie? As dit skynbaar selfs te duur is om één verheerlike subredakteur te betaal om die PDF van *Volksblad* saam te stel, is dit moeilik om te glo die koste om *Rapport* se ondersoekende en meningsblaaië aan die gang te hou gaan steeds gedra word?

Media24 moet as verantwoordelike korporatiewe burgers met toegang tot die enorme bronne van hul moedermaatskappy 'n beginselbesluit neem om hul koerante steeds uit te gee – en dit in oorleg met die lesers, want sonder die lesers sou daar immers geen adverteerders, joernaliste of uiters goed besoldigde mediabase wees nie.

En as hierdie mediabase nie kans sien om by hul beginsels te staan nie, moet die lesersgemeenskap die kans gegun word om met voorstelle te kom om hierdie publikasies te red. Want wat is hierdie anders as 'n voorbeeld van wat Van Wyk Louw in sy tyd 'n “broodsaak” genoem het?

- *Prof. Johann Rossouw doseer filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat.*

---

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/johann-rossouw-koerante-se-sluit-het-nasmaak-van-verraad-20240623>